

22 SEPTEMBER 1933]

DIE HUISGENOOT

33

## IN DIE OU MUSEUM IN PRETORIA

Deur SANNI METELERKAMP

TYDENS 'n onlangse besoek aan Pretoria het ek een heuglike uur lank die verleden deurleef in die geskiedenis van ons land 'n eeu gelede. Vir die eerste maal het ek rondgegaan tussen die oorblyfsels van verbyge dae in die Ou Museum in Boomstraat en my die lewe van die voorvaders van ons huidige geslag voor die gees geroep. Hoe verkillend is hulle nie van die agtermaatskar jong man en die vroegwysse jong dame van vandag nie, wat op alle opvoedingsfasiliteite geniet, gladweg geëls in verskillende tale oor onderwerpe wat vir hul voorvaders onaanraakbaar was en wat hul plek onder die jeug van die wereld voortdurend handhaaf.

Die museum is gebou om 'n binneplein wat beskut is deur plaataarome en waar 'n blombeddingsaanleg is wat ter tyde van my besoek weldadige gepeyk het met roosroos, oranje en diep-rooi kannas, omsoom met blou violette.

Een van die eerste dinge wat 'n mens tref hulle en binnekan die gebou, is die ou kanonne uit verskillende tydperke wat 'n mens laat terugdenk aan die oorloë van die verlede. Die uitstekende manier waarop sommige van hulle vervaardig en afgewerk is, laat 'n mens dink aan die dae van die eerste Hollandse bewind toe „Jan Kompanjie“ die op grond beluste Europese mages op 'n afstand gehou het.

Ander wees van 'n eenvoudiger aard, is dene die Boere, byna 'n eeu gelede gebruik. Daar is by voorbeeld „On Grietjie“, wat van wabande gemaak is en watter dikkes was dit nie! en vasgemaak is op die voorstel van 'n trekwa, en 'n ander een wat net so primitief is, maar wat albei doeltreffend gebruik is teen Dama's in 1835. Dit later tye stam die twee kanonne wat 'n vernale rol gespeel het in die Tweede Vryheidsoorlog; naamlik „Long Tom“, waarmee Ladysmith tydens die langdurige beleë van 119 dae meedoënloos gebombardeer is en wat die Boere uitmuntlik in die lug laat vlieg het om te voorkom dat die Engelse dit in die hande sou kyk; en die ander „Lady Roberts“, wat deur die Boere tydens die veldtog in Natal buitgemaak is en wat hulle vernietig het toe hulle ontdek dat dit swaar was om te vervoer.

Soos te verwagte is, beslaan die Kruger aandenkings 'n groot gedeelte van die ruimte. Die seremoniale statiese waarmee die ou Transvaalse President by geleentheid deur die strate gery het, word 'n mens voor die gees geroep deur die sierlike staalkoets met sy fluweelbehangsels en pragtige beslag. Dit word bewaar net soos by dit gebruik het. Daar naby staan sy massiewe wat van gepolyte stinkhout, met sy lang-ruim tent, katel, soliede wakkies en die outodiese brik en remskoen. Op 'n koperplaat staan daar dat dit gemaak is deur 'n vrou, Helen Fouché, nou mev. Abel van Wyk.

Dit is interessant om daarop te let dat die Engelse dit buitgemaak het in die Tweede Vryheidsoorlog, toe lord Kitchener dit na Engeland gestuur en dit aan die stad Londen present gegee het. In

1926 het dit teruggekom as 'n geskenk aan die Suid-Afrikaanse Volk, sodat dit nou weer 'n tuisland gevind het waar dit hoort.

Die Voortrekker-wa wat tydens die Groot Trek (1836-1837) gebruik was, staan in sterk teenstelling daarmee; dit is ruwer en eenvoudiger, met die merke van Kaffer-aggaans en die modder en tekens van verweer daarop, nadat dit oor die ongebende wê moes getrek het.

Daar is bekoedlike modelle van skepe — een van die stoomskip Saxon, wat as posboot gedien het tydens die Tweede Vryheidsoorlog; in ander van die stoomskip Duxburg (deur sir Donald Currie van president Kruger) en geskenk gegee; en 'n pragtige model, met die sierlike bou van 'n jag van admiraal Tromp se beroemde ou vaartug, met die besem bo aan die mas net klaar om die Engelse van die see af te veer. Aan my is gesê dat hierdie model eens behoort het aan die beroemde Nederlandse seelieder Koekoek.

Hier sien ons ook die sterk opvoelafel van tamboekiehout wat behoort het aan die trekwa van Marthinus Wessel-Pretorius, die eerste president van die Transvaal, asook die danke van die eerste Nederlands-Gereformeerde kerk in Transvaal, wat langtyd gebruik is in die huis van generaal Piet Joubert.

Verder is daar nog 'n hele aantal sierlike meubelstukke waaraan historiese herinnerings verbonde is. Daar is by voorbeeld 'n besonder bekoedlike rusbank waarvan die rug- en armleunings afgesny is in die vorm van die „In onderwese Kieis“ is daar allerlei kurosieste, vervaardig deur die Boere-gevangenes op Ceylon, St. Helena, en elders. Baie van hulle toon besondere aanleg en is pragtig afgewerk.

Huisliker en musieker daarom juis sprekender, is die voorwerpe van 'n mens herinner aan die bekende lewenswyse van die Voortrekkers; 'n ou tuis-vervaardigde ploeg, primitiewe huisgereedskap en ruwe, maar sterk meubels wat die kwaaieste gebruikstoets kon deurstaan en maklik van die een plek na die ander kon vervoer word.

In die kamer wat gewy is aan geskiedkundige van pres. Kruger en sy bewind is daar portrette van die ou President en sy amptenare en medaljes, plaatties en ordes wat hy van baie lande ontvang het. Hulle maak 'n pragtige vertoning, net soos sy amptelike serp wat deur die vroue van Pretoria aan hom gegee was, en die vlag van die stoomskip Batavia, waarmee sy stoffiks omsket van Antwerpen na Kaapstad vervoer is. Van die drie groot wragte kranse wat na sy begrafnis gestuur is, moes meer as die helfte na 'n rakkie verbrand word weens hul bederfbaarheid. Van die res word die wat van silwer en ander metale is en baie verwyderde lande en gemeenskappe verferpwooring, in die Museum vertoon.

Onder die swaarde van die President is die een wat hy gedra het as Kommandant-Generaal van die Re-

publeikaanse magte en die ere-swaart wat hom deur Duitse offisiere aangebied is, toe hy tydens die Tweede Vryheidsoorlog in Duitsland was.

Die meer huislike stukke trek 'n mens sterker aan en roep jou die forse ou President kragtiger voor die gees — die klein dingetjies wat hy daaglik gebruik het, soos sy pyp, wandelstokke, bril, akkergeredskap, busels en kamme. Hier sien ons die pen waarmee hy moetsaam sy bekende, bewrige naamtekening geskryf het, en as 'n mens staan en kyk na die versameling sakmesse, wonder jy watter een van hulle dit was waarmee hy daardie slag sonder aarseling sy tuisland afgesny het toe sy gewet in sy hand gebars het.

Hoe meer 'n mens daartoe nadenk, hoe treffender dit jou aandoen hoedat hierdie eenvoudige, bykans ongetelende jong Boer wat ru in die veld grootgeword het, deur sy sterk persoonlikheid en aangebore insig hom verhef het tot President van 'n staat wat die georganiseerde magte van die Britse Ryk byna drie jaar lank die hoof gebied het.

Aan die mure van die portretgalerie sien ons die beeltenisse van baie geskiedkundige persone. Daar onder is die van die dapper en edelmoedige Andries Pretorius, die held van die slag van Bloedrivier, waar die stroom van barbaardom in Suid-Afrika geker is en wat vir ons „Dingansdag“ tot 'n feestdag gemaak het, en die van sy jong seun Marthinus, wat soos reeds vermeld, Pretoria gestig het en die eerste president was van Transvaal van 1857 tot 1871.

Dan is daar die portret skilderye van nog ander uit die gelukkige dae van die Republiek soos pres. Steyn, genl. Joubert, die ongelukkige De la Rey, pres. sir John Brand, wat genoem is die Vader van sy Volk, staatskretaris dr. Leyds, wat beskon is te die moedike man van sy tyd in Suid-Afrika, en prokureur generaal Koeter.

Dan is daar stukke wat weens hul grootte en belangwekkendheid dadelik die aandag op die mure vestig soos Maschaupt se uitstekende na-maaksel van Rembrandt se Nagteg, 'n geskenk uit Holland wat pres. Düsselde grootte het as die „oon-spronklike skilderstuk in die Ryksmuseum in Amsterdam, en die geskiedkundige skildery van die Volksraad deur Wichgraff, 'n Duitse kunstenaar wat Transvaal besoek het tydens die uitbrek van die Tweede Vryheidsoorlog en hierdie stuk klaai gemaak het net voor sy vertrek aan die begin van 1900.

Hierin word 'n volle sitting van die Volksraad voorgestel, met pres. Kruger as voorsitter en naas hom staatskretaris Reitz, toe hulle 'n burger-afvaardiging met 'n versoek om die oorlog te verklaar teen Engeland op 9 Oktober 1899, die dag waarop die Republiek se nimmattam in die hande gestel is van die Britse gesant in Pretoria, te woord staan. Die persone is byna lewensgroot geskilder, en daar hulle getroue weergawes is, kan 'n mens jou die ge-

skiedkundige waarde van die stuk voorstel.

Onder die ere-swaarde, behalwe die wat aan pres. Kruger behoort het, is daar twee wat besondere vermelding verdien; die een wat aan genl. Smuts geskenk is deur die in-gesettes van Pretoria na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog en geplaas is tussen 'n hele aantal verluete adresse en goue kisties waarmee die ere-burgerskap van verskeie stede aan hom toegesê is; die ander een die wat aan genl. Cronje geskenk is deur Franse patriote en wat 'n mens daaraan herinner dat bloed dikker is as water. In die tuiste van sy voorvaders is dit nog nie vergeet nie dat hy algestam het van die Hugenoot Cronier, wat hom in die Kaap kom vestig het in 1688 na die herroeping van die Edik van Nantes.

In die groot kamer met die geskiedkundige van generaal Botha word 'n mens die eerste getref deur die twee vlag van Transvaal en die Vrystaat waaronder hy in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het, terwyl daar aan die muur aan die oorkant portretskilderye in volle lengte van hom en mev. Botha hang. In gransieuse houding staan hulle daar, en 'n mens'vul dankbaar dat die kunstenaar hulle vir ons en vir alle tye verewig het op 'n tydskyn in hul lewe, toe hulle misken die innemendste was. Hulle is geskilder in die buiteland, deur Anton van Welle, 'n Nederlandse portretskilder wat in Engeland en op die Vasteland bekendheid verwerf het.

Daar is drie borsbeelde van die Generaal wat op verskillende stadië van sy loopbaan gemaak is en heel party groot fotografiese groepe van historiese belang. Hierby is onder andere een van die krygsraad wat in 1899 in Colenso gehou was, een van die ontmoeting tussen Botha en Kitchener op Middelburg Transvaal, in 1901 en een van die vergadering van die Transvaalse Kabinet in 1907, toe Botha deur lord Selborne ingesweer is as Eerste Minister van Transvaal.

As bewys van 'n watter ere hy het en verre gehou was, is daar kisties van soliede goud of silwer van verskillende ontwerpe waarmee hom die ere-burgerskap van Londen, Edinburgh, Manchester, Glasgow en ander plekke toegesê is, 'n silwer-sigaardoos en 'n silwer-tafelreger en 'n groot aantal silwertroffels wat aantoon hoe dikwels hy die hoekstee van openbare geboue gelê het. Dan is daar nog talryke verluete adresse aan hom. 'n Besonder mooie is die uit Engeland, met goudletter op skippladdop gegraveer en die „Union Jack“ en die „Vierkleur“ in elke hoek.

Behalwe hierdie genoemde stukke is daar nog 'n uitstekende versameling klippeste, Boesman-relieke, Kaffer-kurosieste en skatte uit Griekeland, Italië, Peru en verskillende dele van Asie, Australië en elders. Maar soortgelyke voorwerpe kry 'n mens ook in ander museums te sien. My doel was maar net om te wys op 'n paar silwer Suid-Afrikaanse stukke wat in ver-

(Vervolg op bladsy 41.)



## MENEER VAN OS WORD HIPNOTIS

Deur P. W. HAVENGA

"HIPNOTISME" is meneer Van Os, is 'n toestand van slaap aangebring deur suggestie—

sogstie deur 'n ander persoon met 'n sterker wilskrag. Dit word natuurlik beweer dat enige persoon deur 'n sekere mate van studie die bevoegdheid kan verkry om ander persone aan sy wil te onderwerp, maar myns insiens behaaf sulke mensse nooit volstaan sukses en word hulle nooit beoekende hipnotiste nie. Persoonlikheid, meneer, persoonlikheid is een van die verstaanste verstandes. Jy moet 'n man van karakter wees en intellektuele krag besit. Waar jy jou ook al begeef, moet jou teenwoordigheid gevoel word. Ander mense moet teenoor jou 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel.

Nou ja, laat ons aanneem dat 'n persoon daardie hoedanigheid besit, dan kan hy deur intensiewe studie daardie eienskappe so ontwikkel dat hy die handeling en gevoelens van ander persone kan beheer. Basie sal natuurlik ook afhang van die geestes-toestand van die persoon wat jy onder jou beheer wil kry. 'n Persoon by voorbeeld wat in 'n toestand van vrees verkeer, sal 'n baie gunstige onderwerp wees. Skep daarby 'n atmosfeer van misterie, en die effek is volmaak.

Nou ja, oor die voor of nadele van hipnotisme wil ek nie uitwy nie, meneer. Moontlik sal 'n toeg met my daaroor van mening verskil, maar ek meen stellig dat die mate van sukses wat daarmee in mediese kringe behaal is, ons bepaald stof tot gunstige ooringing laat.

Ek is tans binnegom om lesings te kry van 'n professor in Yale, en ek moet eerlik erken dat die paar toetse wat ek tot dusver uitgevoer het met ongeloflike sukses bekroon is; maar natuurlik het ek die kennis baie maklik geassimileer. Dit kom nie vir ek nie, so maklik te staan. U sien, meneer, 'n mens moet verstand besit en jy moet kan toepas wat jy daar geleer het. Binne nog 'n paar maande meen ek om heeltemal 'n bedrewe hipnotis te wees!

Die paar maande was dan ook spoedig verstreke en die noodlot het spoedig vir meneer Van Os die geleentheid gebied om sy hipnotiese krag op sonderlinge wyse te toets.

Dit was 'n nag, soos Suid-Afrika alkeen ken, 'n nag van sterrepijn, 'n nag swanger met geheimen. Dit was die uur wanneer die mens se weerstandvermoë om sy sagste peil is en wanneer hy minder vas slaap.

Soos 'n storm wat plotseling ophou, so word mnr. Van Os se onharmoniese gestoor beëindig, en hy keer terug van die land waarheen sy strome hom geveer het, waar hy as wêreldberoemde hipnotis voor konings en sidders sy kuns beoefen het. Die sturms wat op onseremontese wyse inbruk gemaak het op mnr. Van Os se roemryke loopbaan, het daar eens in die duister binne die winkel beweeg.

Die gekraak van 'n vloerplank onder 'n ligte voetstap was oorsaak dat mnr. Van Os homself in 'n koue sweelbad bevind, maar die gedagte dat iemand besig was om hom van

party van sy aardse besittings te berof, het hom moed ingeboesem en hy het besef dat hy dadelik handelend moes optree. Twee dinge moes hy in hande kry—sy flitsig en sy rewolwer. 'n Gloed van woede oormeester hom en 'n soot van bloedders pak hom beet.

Dat iemand dit kon wag om by sy winkel in te breek! Die gedagte word onthoudbaar. Maar wag, hy sal die karnallie laat les ope, dit wil sa as sy moed hom nie verlaat nie! Laat hy maar net eers die rewolwer in hande kry, en, ja, die boeie wat hy by sommige van sy toetse gebruik het—dit moet hy nie vergeet nie.

Al die genoemde voorwerpe het mnr. Van Os sonder moeite gewinnend om 'n enkele stoel omver te loop of om sy groottoon op gevolgelyke wyse met die spieëlglas in holting te bring. Tot aan die tande gewapen het mnr. Van Os homself met versigtige voetstap na die winkel begeef. Die groot moment was daar! Die knoppie van die flitsig word plotseling afgedruk en 'n helder-wit ligstraal spel oor die vloer en teen die toonbank. 'n Oesluid, half geskreue en half gemoepel, kom van die rigting van die rakke. 'n Paar oe waarin vrees duidelik te sien is, staar mnr. Van Os aan.

"Hande op, of ek skiet!" en mnr. Van Os beweeg die rewolwer dreigend.

Met die woorde herwin mnr. Van Os weer sy kalmte. Die ooringing is binne sy bereik. Sy stem en sy handeling is kalm en vasberade.

"Draai met jou gesig na die muur toe! Hande agter die rug!" Die bevel van mnr. Van Os word uitgevoer.

"So ja,—hande bymekaar!" Eensklaps word die boeie toegeklap oor die polste van die inbreker en mnr. Van Os is meester van die toestand. Hy glimlag tevred.

Vir die gevangene is daar niks anders te doen as om homself aan sy lot te onderwerp nie.

"Jy is 'n inbreker," sa mnr. Van Os, "en jy is gevang! Dit sal jou vyf jaar kos!"

Wat nou gemaak? Hom aanja polisiekantoor toe?

Dit was toe dat mnr. Van Os 'n inspirasie gekry het. Hier is die kans van sy lewe!

"Kyk in my oë!" gebied hy. Mnr. Van Os se oë kyk stip in die van die ander, asof hy 'n gat in sy kop wil boor. Dan maak hy 'n reeks geheiminnige bewegings met sy hande. In die oë van die gevangene kom daar 'n uitdrukking van leegheid; en in die van mnr. Van Os triomf. Hy praat met 'n dromenge stem: "Herhaal alles wat ek jou voorsê—Ek is 'n inbreker!"

"Ek is 'n inbreker!" herhaal die gevangene met 'n klanklose stem. "Jy het getrag om vir my, meneer Siegfried van Os, van Stuursvlei, van my wettige eiendom te berof! Herhaal dit!"

Op dieselfde klanklose en meganiese wyse word die gesegde herhaal.

"Goed," sa meneer Van Os, "dit nou maar!" Die bevel word uitgevoer.

"Jy het inbraak gepleeg met die doel om my te berof, ja selfs te vermoor, miskien. Ek is van voorneme om 'n brief aan die polisie te rig. Die brief sal jy persoonlik gaan aflewer, en dan sal jy daar wag totdat jy gearrester word!" Herhaal nou alles wat ek gesê het!"

Die gevangene doen soos hy gebied word, en vir 'n paar minute nog staar mnr. Van Os in die oë van sy slagoffer, en maak nog 'n paar bewegings met sy hande. Hy haal die boeie van die man se hande af, gaan by 'n klein tafeltjie sit en skryf die volgende brief:

Die Sersjant van Polisie,  
Stuursvlei.

Meneer.—Die draer hiervan is 'n inbreker wat ek op heterdaad betrap het. Sy persoon is my onbekend. Ek het hom onder hipnotiese kontrole geplaas en hom gelas om homself aan u te gaan oorges. Myre tree ek weer met u in verbinding.

S. van Os.

Die brief word sorgvuldig toegevoeg en in die hande van die atnie drommel geplaas.

"Skud jou sakke uit!" gebied mnr. Van Os. Dit word gedoen en 'n paar ringe, armbande en enige geldstukke kom te voorskyn. Mnr. Van Os was eers van plan om die gestelde om te plaas, dit terug in die sakke van die gevangene. Ook stap hy nog na die vertoonkas, haal daar 'n paar goue horlosies uit, en voeg dit by die ander goet. Dit sal die bewyse teen die misdadiger versterk.

Na 'n tydjie maak mnr. Van Os die voordeur oop en stoot sy prisoemier uit in die koue naglug met die woorde: "Loop nou en doen net soos ek jou gebied het!"

Daarna keer hy terug na sy lekker warm bed om te droom van die roem en eer wat hom voor die deur staan. Die koerante sal vol wees van sy verrigtings van die nag. Sy naam sal op elke se lippe wees. "n Genie op die gebied van hipnotisme" sal hulle hom noem.

Intussen het die inbreker van fluites loets ingedraan langs die hoofstraat van Stuursvlei. Op 'n hoek bly hy staan om eers die artikels in sy sak te inspekteer, terwyl 'n skalkse glimlag oor sy mond speel. Langs die straat af kom 'n persoon, 'n mynwerker op weg werk toe. Hy hardloop yinnig die man tegemoet, en uitasem versoek hy hom om hom te beduie waar die polisiekantoor is.

"Regop langs die straat—die vierde straat links!" was die antwoord.

"Hoever?"

"Omtrent 'n kwart myl—maar wat makeer?"

"Ek is dodelik gewond—'n geval van moord en inbraak hier onder. Ek moet sorg dat ek dadelik 'n dokter in die hande kry!"

Met die woorde prop hy die brief van meneer Van Os in die hande van die verbaasde man. "In die naam van die Koning gebied ek jou om hierdie brief dadelik in die hande van die polisie te besorg! Hier is twee sjielings vir jou moet!"

Daarop verdwyn hy toe om, soos hy beweer het, 'n dokter te gaan soek onderwyl die arbeider die brief na die polisiestasie neem.

'n Mynwerker wat 'n paar nur sonder rede in 'n sel moes verduur, en gevolglik hopeloes laat vir sy werk is, is nie 'n alte redelike persoon nie, en toe mnr. Van Os met stralende gesigt, later sy verskyning by die polisiekantoor maak om die uitdaging van sy hipnotiese kontrole te verneem moes vir kort, dik beentjies hom net lelik dra om te verhoed dat hy lewendig verstand word.

Die inbreker van die vorige nag, 'n onbekende persoon in die omgewing, was spoorloos verdwyn te same met meneer Van Os se besittings, asook met die paar goue horlosies wat hy hom present gegee het!

IN DIE OU MUSEUM IN  
PRETORIA.

(Vervolg van bladsy 33.)

band staan met ons gekiedenis en daardeur miskien ook andere te beweeg om daarheen te gaan.

Die Ou Museum word so genoem om dit te onderskei van die Nuwe Museum, waarin die dierkundige en geologiese versamelings gehuisves is. Die twee saam word genoem die Transvaalse Museum.

Die hoop word gekoester dat in hierdie jaar nog die "Krugerhuis" geopen sal kan word onder beheer van die Transvaalse Museum. Die huis van die President, met die leuse by die ingang wat geskrik is deur mnr. Nellmapius (daar sal onthou word hoeveel stryd hierdie saak indertyd uitgelok het) is onlangs ontrent deur die Moedersbond, wat dit 'n aantal jare gebruik het as 'n moedershuis. Die woning word nou weer gevul en herstel om so na moontlik daar weer soos in die dae van die President uit te sien. As dit klaar is sal al die Kruger-gedenkstukke wat nou in die Ou Museum is, daarheen oorgebring word en sal die kamers so geruimlik word dat dit omtrent weer so is as toe Oom Paul en Tant Sannie daar gewoon het.

'n Student wat geld wou hê, skryf aan sy vader: "Met my gaan dit nog goed, net my beurs is leeg."

Sy vader antwoord: "Met my gaan dit net so goed, net ek het glad nie meet 'n beurs nie."

Hy: "Jou neef het geweier om my op die dansparty te herken. Hy dink seker dat ek nie sy gelyke is nie."

Sy: "Natuurlik is jy sy gelyke. Hy is niks anders as 'n swaap nie."